SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 02 JANUARIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

In die nuus vandag:

GEWYSIGDE RADIOREGULASIES - DIE JONGSTE

PRETORIA ARK VIER HUL 75STE VERJAARSDAG.

AO-51 VERANDER VIR AARDBEWING/TSUNAMI-ONDERSTEUNING

KOMPETISIENUUS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Let asb. daarop dat die SARL-kantoor steeds gesluit is en dat dit weer op 10 Januarie sal heropen.

Die SARLnuusdiens maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Plaas asb. u berigte op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels.

GEWYSIGDE RADIOREGULASIES - DIE JONGSTE

Dit spyt SARLnuus om te moet aankondig dat die belofte, wat in verlede Sondag se SARL nasionale bulletin ingesluit is, ivm. die publikasie van die wysigings aan die Radioregulasies, nie gematerialiseer het nie.

Die nuus aangaande die publikasie was as eg beskou aangesien dit deur 'n betroubare bron voorsien is. Navrae die oggend van 30 Desember, het nie enige verdere duidelikheid aangaande hierdie aangeleentheid kon oplewer nie, behalwe vae verwysings na volgende jaar. Graham Hartlett, ZS6GJH, is egter daagliks in verbinding met die owerhede en alles moontlik word gedoen om die proses te bespoedig. Hy versoek radioamateurs om geduldig te wees en om ooreenkomstig die huidige regulasies op te tree totdat die regering die wysigings offisieël publiseer.

SARLnuus is jammer dat ons radioamateurs, in die besonder die ZR-lisensiehouers wat angstig daarna uitgesien het om die nuwe jaar met HF binne te gaan, op hierdie manier teleurgestel is. SARLnuus wens klem daarop te lê dat geen Raadslid van die SARL op enige manier betrokke is by die oorsaak van die vertraging nie. Intussen bly dit egter nog iets opwindend om in die nuwe jaar na uit te sien en ons vertrou dat dit spoedig sal gebeur.

Die nuwe datum vir die “Welkom op HF” kompetisie van PEARS sal seker binnekort aangekondig word, maak intussen gereed daarvoor.

PRETORIA ARK VIER HUL 75STE VERJAARSDAG.

Die President en die Raad van die SARL wens die Pretoria Amateurradioklub veels geluk met hul 75ste verjaarsdag.

Pretoria ARK is een van die oudste amateurradioklubs in Suid Afrika en het in die verlede menige naamsveranderinge ondergaan - van die “Pretoria Radioklub” tot die “Pretoria Seksie van Afdeling 6”; dan die “Pretoria Afdeling”; weereens die “Pretoria Radioklub”; dan die “Pretoria Tak van die SARL” en dan tot hede, die “Pretoria Amateurradioklub”.

Daar is besluit dat 1 Januarie 1930 die stigtingsdatum was. Die berekening kan moontlik selfs konserwatief wees! Die klub se nuwe roepsein ZS75PTA sal vanaf 1 Januarie in gebruik geneem word.

Die Pretoria Amateurradioklub is ’n trotse ondersteuner van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

Baie geluk Pretoria ARK!

AO-51 VERANDER VIR AARDBEWING/TSUNAMI-ONDERSTEUNING

Om ondersteuning te verleen aan die aardbewing/tsunamiramp, het die Echo Bevelspan besluit om AO-51 se konfigurasie te verander sodat dit as ’n stoor-en-aanstuur-boodskapsatelliet vir diegene in die rampgebied sal funksioneer. Dus is die huidige skedule vir AO-51 afgestel. AO-51 is om ongeveer 03:05 UTC op 30 Des 2004 verander om as ’n stoor-en-aanstuur-PBBS te werk.

Die PBBS sal beskikbaar wees vir algemene amateurgebruik, maar, sodra boodskappe ontvang word, moet amateurs gereed wees om BBS-aktiwiteite te staak. Die span vra dat alle onbemande BBS-aktiwiteite tot verdere kennisgewing gestaak word. AO-51 PBBS-gebruikers mag gevra word om te help om boodskappe af te laai en aan te stuur.

Die FM-herhaler (afskakel 435,300 MHz, opskakel 145,920 MHz) sal afgeskakel word sodat maksimum krag beskikbaar is op die PBBS-afskakel. Die konfigurasie vir die AO-51 PBBS is: Afskakel: 435,150 MHz, FM 9600 baud PacSat BroadCast Protokol (PBBS) Opskakel: 145,860 MHz FM, 9600 baud PacSat BroadCast Protokol (PBBS)

Enigiemand wat kontak kan maak met amateurs in die rampgebied word gevra om hulle in te lig oor AO-51 se vermoë. Sou ’n ander konfigurasie vir AO-51 benodig word om die mense in die rampgebied beter te kan bedien, sal AMSAT AO-51 sodanig aangepas word.

AMSAT en Echo se bevelspan waardeer jou hulp en begrip terwyl ons poog om hulp te verleen.

MEER GEBRUIK VAN ECHOLINK

Aangesien die gebruik van Echolink toenemend gewild raak wil Chris, ZS6FCS, graag die moontlikheid ondersoek om dmv. Echolink 'n nasionale herhalernetwerk op te stel. Die voordeel is dat geen nuwe herhalerpersele benodig word nie aangesien bestaande herhalers reeds groot gedeeltes van Suid Afrika bedien. Al wat nodig is, is dat radioamateurs met internettoegang hulle fasiliteit aan mede-amateurs beskikbaar stel. Deur die gebruikmaking van Echolink kan programme soos ARMI en Intechnet soomloos by bestaande herhalernetwerke ingeskakel word met hoë kwaliteit oudio. Chris sal enige voorstelle waardeer om hierdie gedagte vorentoe te neem.

Chris kan gekontak word by Pretoria 012 333 1826 of per e-pos by zs6fcs@telkomsa.net.

KOMPETISIENUUS

Die nuwe jaar begin met die jaarlikse Hunting Lions op die Lug wat oor die naweek van 15 en 16 Januarie plaasvind. Meer inligting is beskikbaar op die SARL webwerf by www.sarl.org.za/public/contests/lionita.asp.

Die Port Elizabeth Amateurradiovereniging se jaarlikse BHF-kompetisie word vanaf 16:00 UTC op 21 Januarie tot 16:00 UTC op Sondag 23 Januarie gehou. Die kompetisie is in twee 24-uur sessies opgedeel. Inligting is beskikbaar op die webwerf van PEARS nl. www.qsl.net/zs2pe.

Op Saterdag 29 Januarie word die eerste SARL Jeugdag gehou, dit begin om 07:00 en eindig om 11:00 UTC. Aktiwiteit is op 20 en 40 meter sowel as op BHF-frekensies.

Die eerste been van die SARL HF Velddag sal oor die naweek van 12 en 13 Februarie op die lug wees. Dit begin om 10:00 UTC op die Saterdag en eindig 24 uur later.

NUWE SUIDER-AFRIKAANSE BHF E-POSLYS

'n Nuwe automatiese e-poslys vir Suider-Afrikaanse BHF-geesdriftiges is opgestel. Om by die e-poslys aan te sluit, besoek http://mailman.qth.net/mailman/listinfo/zsvhf en voltooi die toepaslike inligting.

Die lys word deur Barry, ZR2DX, onderhou en is op die QSL.net-stelsel opgestel. As jy by die lys wil aansluit maar slegs e-postoegang het, stuur 'n e-pos aan Barry met adres zr2dx@mweb.co.za om aan te sluit! Sluit aan by hierdie diens en vertel jou vriende en klublede daarvan.

OOS RAND VLOOIMARK

Die Oos Rand Radioklub bied 'n vlooimark op 5 Februarie 2005 vanaf 09:00 by die klubhuis in Springs aan.

Tafels is R20-00 elk en besprekings kan gedoen word by Johanna Harris tel. 011-814-2121. Die vlooimark is ook die geleentheid waar die BHF-UHF Liniêre versterker weggegee sal word. Kaartjies is nog beskikbaar.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Voortplantingstoestande was oor die afgelope week weereens baie swak. Dit blyk asof daar meer aktiwiteite binne in die aarde is as daar buite. Die sonvlekgetal was Donderdag 49,0 teenoor verlede week se 44,3. Die verwagte hoogtepunt het ook nie gerealiseer nie - die laaste redelike hoogtepunt was einde Oktober verlede jaar. Foto's van die sonoppervlakte het hierde week nie eens 'n enkele kolletjie getoon nie. Daar word ook nie enige korona-openinge verwag nie - voorwaar 'n duistere situasie! Tog was daar Woensdagmiddag laat 'n goeie opening na die Ooste. 'n Besonder interessante gesprek is met iemand op Dubai gevoer - hy het 'n noodstasie beman na die krisis in die Indiese oseaan. Jammer dat selfs langafstandkommunikasie die mense in die steek gelaat het - juis in 'n tyd toe dit die nodigste was.

DAGBOEK VAN GEBEURE

10 Januarie - SARL Kantoor open; 15 en 16 Januarie - Hunting Lions in the Air; 21 tot 23 Januarie - PEARS BHF kompetisie; 23 Januarie - Presidentsnet; 29 Januarie - SARL Jeugdag; 5 Februarie - Oos Rand Radioklubvlooimark; 12 Februarie - RTA-lesing by NARS om 10:00; 12 en 13 Februarie - SARL HF Velddag; 9 April 2005 - AJV van die SARL; 14 Mei - Lesingsvoorstelle vir AMSATCON2005 in te dien; 31 Maart - Finale lesings vir AMSATCON2005 in te dien.

SARLnuus wens alle radioamateurs 'n aangename 2005 toe.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 700, 9 750 en 7 082 kHz en verskeie 2 m herhalers in u omgewing te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin. Dit is saamgestel deur Dennis, ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens aan almal.

/EX